www.PapaCambridge.com

International General Certificate of Secondary Education

**Mark Scheme for Specimen Papers**

**0512/01**
**0512/02**

**First Language Afrikaans**

**[REVISED SYLLABUS from 2013]**

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations

www.PapaCambridge.com

## 0512/01 Reading

**Vraag 1**

- 20 punte is beskikbaar vir Lees. Dit sal toegeken word volgens 'n gedetailleerde nasienskema wat spesifiek vir elke vraestel geskryf word.
- 5 punte is beskikbaar vir Skryf.

**(a)** Tinus se pa dink sy seun is nie realisties oor die lewe nie en betig hom deur te sê die lewe is nie 'n storie nie. ✓
Tinus steur hom nie werklik aan wat sy pa sê nie en herhaal net sy pa se woorde om hom te paai. ✓ [2]

**(b)** *Roepman* is Jan van Tonder se eerste boek in veertien jaar. ✓ [1]

**(c)** Mense verloor hul onskuld tydens hul grootwordjare, maar binne die veiligheid van 'n hegte gemeenskap. ✓
[*Geen punt word toegeken as kandidate nie in hul eie woorde antwoord nie*.] [1]

**(d)** Daar was 'n ryke verskeidenheid mense. ✓
Omdat almal swaargekry het, was daar 'n warmte tussen die mense. ✓ [2]

**(e)** *Enige twee van die volgende:*
Sy ma het hulle probeer beskerm teen wat rondom hulle gebeur het. ✓
Sy ouers, broers en susters was 'n buffer tussen hom en seerkry. ✓
Hy was in 'n situasie waaruit hy nie kon ontsnap nie. ✓ [2]

**(f)** **(i)** 'n lang, fiktiewe verhaal ✓
**(ii)** 'n persoon se eie lewensbeskrywing ✓
**(iii)** (diep) medelye/simpatie ✓
**(iv)** baie begerig om meer te wil weet ✓ [4]

**(g)** **(i)** Dit was sy werk om die spoorwegwerkers te roep om met hul skofte te begin. ✓ [1]

**(ii)** Sy fokus was op die hemelse/goddelike eerder as op aardse goed. ✓ [1]

**(h)** *Enige drie van die volgende:*
Jan van Tonder se broer was so belangrik vir hom dat hy *Roepman* postuum ook aan hom opgedra het. ✓
Sy broer was een van die mense in sy gesin wat hom teen die aanslae van die lewe beskerm het. ✓
Sy broer het vir hom stories vertel wat hom anders na die werklikheid laat kyk het. ✓
Jan en sy broer het dinge op dieselfde manier onthou (anders as hul susters). ✓ [3]

**(i)** Alhoewel daar baie ooreenkomste✓ tussen Roepman en die skrywer se lewe is, soos die verhaal se ruimte✓ en karakters, het hy sekere dinge opsetlik verander en weggelaat ✓om dit nie outobiografies te maak nie, soos toe Timus albei sy arms gebreek het. [3]

**For Writing: Accuracy of Language mark scheme, see syllabus for generic table.**

[Totaal: 20 punte vir inhoud en 5 punte vir taalgebruik = 25]

www.PapaCambridge.com

**Vraag 2**

- 15 punte is beskikbaar vir Lees. Een punt word vir elke korrekte ooreenkoms toegeken en twee punte word vir elke korrekte verskil toegeken – tot ŉ maksimum van 15 punte. Minstens een ooreenkoms en een verskil tussen die tekste se formaat en doel moet genoem word. Maak ŉ regmerkie by elke korrekte antwoord om ŉ totaal uit 15 te kry.

- 10 punte is beskikbaar vir Skryf.

**Let Wel:**

- Alhoewel die onderstaande punte in tabelvorm verskaf word, word daar van kandidate verwag om in paragraafvorm te antwoord.

- Indien kandidate meer as 250 woorde skryf, word slegs die eerste 250 woorde in ag geneem.

- Die onderstaande punte is slegs voorbeelde – enige ander geldige antwoorde sal ook punte verdien.

| **Teks 1** | **Teks 2** | **Punte** |
|---|---|---|
| Albei tekste handel oor *Roepman*. ✓ | | 1 |
| Albei tekste gee ŉ kritiese waardering van *Roepman*. ✓ | | 1 |
| Albei tekste is baie positief oor die gehalte van Roepman. ✓ | | 1 |
| Albei tekste wil die koerantlesers oor die gehalte van *Roepman* inlig. ✓ | | 1 |
| Albei tekste plaas die gebeure in ŉ groter sosio-politieke konteks. ✓ | | 1 |
| Albei tekste gee inligting oor die inhoud van die verhaal. ✓ | | 1 |
| Albei tekste gee aanhalings uit die roman. ✓ | | 1 |
| | | |
| Teks 1 is ŉ resensie van boek *Roepman*. ✓ | Teks 2 is ŉ resensie van film *Roepman*. ✓ | 2 |
| Teks 1 fokus op die biografiese aard van die verhaal. ✓ | Teks 2 verwys glad nie na enige biografiese gegewens nie. ✓ | 2 |
| Teks 1 verwys vlugtig na die politieke agtergrond waarteen die verhaal afspeel. ✓ | Teks 2 verwys meer spesifiek na die politieke agtergrond waarteen die gebeure afspeel. ✓ | 2 |
| Die boek *Roepman* word nie met enige soortgelyke boeke vergelyk nie. ✓ | Die fliek *Roepman* word met ander Afrikaanse films vergelyk. ✓ | 2 |
| Teks 1 leun sterk op gegewe uit ŉ onderhoud met die skrywer. ✓ | Teks 2 verwys slegs na die skrywer se besondere skryfvermoë. ✓ | 2 |
| Teks 1 fokus meer op Timus in sy gesinskonteks. ✓ | Teks 2 fokus meer op Timus in die konteks van sy gemeenskap. ✓ | 2 |

**For Writing: Accuracy of Language and Style and Organisation mark schemes, see syllabus for generic tables.**

[Totaal: 15 punte vir inhoud en 10 punte vir taalgebruik = 25]

www.PapaCambridge.com

## 0512/02 Writing

**See syllabus for the generic mark scheme.**